education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

NASIENRIGLYNE

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye en

Kopiereg voorbehou

6 bladsye met die kognitiewe vlakke

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

Kognitiewe Vlakke	Historiese vaardighede	Gewigs-toekenning van vrae
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Defineer historiese begrippe/terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting uit bronne verkry • Analiseer bewyse uit bronne	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid, en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Daar word van leerders verwag om 'n standpunt in te neem wanneer ‘tot watter mate’ vrae beantwoord word om enige punte te verwerf.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraafvraag

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.

- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  _____•_____•_____
  _____•_____•_____
  _____•_____ ✓✓✓✓
  Vlak 2

  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv.

  32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoorde-boek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument

- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die “PEEL”-struktuur in gedagte wanneer 'n opstel geassesseer word.

P	**(Point) Punt:** Die kandidaat stel die opstel bekend deur ‘n gedagterigting aan te dui/’n belangrike punt te maak. Elke paragraaf moet ‘n punt insluit wat die hoofpunt (gedagterigting) wat in die inleiding gemaak is, handhaaf.
E	**(Explanation) Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer detail verduidelik waaroor die hoofpunt handel en hoe dit met die vraag wat gestel word (gedagterigting) verband hou.
E	**(Example) Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat tot die gedagterigting relevant is. Relevante voorbeelde moet gegee word om die gedagterigting te ondersteun.
L	**(Link) Skakel:** Die kandidaat moet toesien dat die gedagterigting regdeur die opstel ondersteun word en samehangend geskryf word.

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling H
- Analise A✓
- Interpretasie I ✓
- Gedagterigting GR ↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken ‘n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	VLAK 5 Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 4 Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag onbereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

* Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET LENIN DIE MARXISME IDEOLOGIE IN DIE UNIE VAN SOWJET-SOSIALISTIESE REPUBLIEKE (USSR) VANAF 1918 TOT 1924 TOEGEPAS?

1.1

1.1.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1A – V1*]
- Rusland was uit die oorlog (1 x 1) (1)

1.1.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1A – V1*]
- Lenin het landbou genasionaliseer
- Lenin het privaat eienaarskap van alle grond afgeskaf (2 x 1) (2)

1.1.3 [*Definisie van 'n historiese begrip uit Bron 1A – V1*]
- Ondernemings in privaat besit, was onder staatsbesit en
- beheer geplaas
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2*]
- As die eiendomsreg van die grond onder staatsbesit is, kan die staat grond eweredig verdeel
- Die staat sal 'n monopolie van grondbesit, ten koste van die armes voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 [*Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2*]
- Klasverdelings is afgeskaf
- Vroue was simbole van die nuwe gelykheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1B – V1*]
- Vooraf opgevatted begeerte om dadelik voort te gaan met die onderdukking van die kapitaliste
- Totaal in line met Bolshevik se beginsels
- Oorlogskommunisme was as noodmaatreël geïmplimenteer om die toenemende moeilik ekonomiese en militêre probleme te hanteer (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 [*Definisie van 'n historiese begrip uit Bron 1B –V1*]
- Lenin se beleid om sosialisme in Rusland, na die Burgeroorlog, te versterk
- Lenin se beleid om die toenemende slegte ekonomiese situasie in Rusland, na die Burgeroorlog, te hanteer
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

1.2.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1B – V1*]
- Desperate skuiwe en maatreels vir voedselrekwisisie,
- Nasionalisering en handelsbeperkings (2 x 1) (2)

1.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2*]
- Rusland het 'n wrede oorlog van die Wit-weermag in die gesig gestaar, wat dit moeilik gemaak het om 'n sterk regering te vestig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3

1.3.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1C – V1*]
- Hulle het die regering gekritiseer
- Duisende kleinboere het teen die beslaglegging van hul graan gerebelleer
- Werkers in baie stede was betrokke by stakings
- Groot uitvloei van die populasie na die platteland (enige 2 x 1) (2)

1.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- Hulle het Lenin daarvan beskuldig dat hy 'n kommunistiese diktator was
- Die streng voorwaardes waarin Oorlogskommunisme ingestel was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- Hulle was die trots van die revolusie
- Hulle was sterk ondersteuners en verdedigers van Lenin se regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4

1.4.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2*]
- Om te beklemtoon hoe vasbeslote Lenin was om sosialisme in Rusland te red
- Om Lenin as 'n sterk leier uit te beeld, wie die Nuwe Ekonomiese Beleid bekendgestel het namate die opposisie teen Oorlogs-kommunisme toegeneem het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 [*Bepaal die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1D – V3*]
Die bron is NUTTIG omdat:
- Dit dui aan hoe Lenin die 10de Kommunistiese Party-kongres in 1921 toespreek, om die behoefte aan 'n Nuwe Ekonomiese Beleid uit te lig
- Dit dui dat Lenin 'n toespraak lewer waarin die uitdagings van Oorlogskommunisme bekendgemaak is asook om die behoefte van 'n Nuwe Ekonomiese Beleid uit te lig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2*]
- Hulle moet die Nuwe Ekonomiese Beleid implementeer (1 x 1) (1)

1.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 1C en 1D – V3*]
- Bron 1D dui dat Lenin die Kongres toespreek om hulle daarvan te oortuig om die NEB te aanvaar. Bron 1C verduidelik die griewe van die Russe teen Oorlogskommunisme
- Bron 1D verduidelik hoe Lenin leierskap demonstreer ter ondersteuning van die NEP en Bron 1C bevat die inligting oor die opposisie van Oorlogs-kommunisme deur die burgers en die Kronstadt-matrose
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 [*Interpretasie, analise en evaluasie van inligting uit Bronne om 'n samehangende paragraaf te skryf – V3*]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Lenin het gevra dat eiendomsreg in staatsbesit moet bly (eie kennis)
- Lenin het suiwer kommunisme ingestel om die Rooi-weermag en die bevolking te voed
- Sowjet-grondwet het gelykheid tussen burgers bevorder (Bron 1A)
- Kleinboere het voedsel teen 'n verlies geproduseer (eie kennis)
- Rekwisisie (opeissing) van graan is ingestel (Bron 1C)
- Sekere aspekte van die ekonomie was onder staatsbeheer (Bron 1A)
- Die NEB is ingestel na die mislukking van Oorlogskommunisme (Bron1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van hoe Lenin die Marxisme ideologie in die Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke (USSR) vanaf 1918 tot 1924 toegepas het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip van hoe Lenin die Marxisme ideologie in die Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke (USSR) vanaf 1918 tot 1924 toegepas het.** • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige wyse om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe Lenin die Marxisme ideologie in die Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke (USSR) vanaf 1918 tot 1924 toegepas het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE 1929 GROOT DEPRESSIE OP DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?

2.1

2.1.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2A – V1*]
- Om geld te maak (1 x 1) (1)

2.1.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2A – V1*]
a) 'n Maatskappy gebruik die wins om die besigheid uit te brei (1 x 2) (2)
b) Mense (publiek) koop en verkoop aandele teen die hoogste waarde om geld te maak (1 x 2) (2)

2.1.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2A – V1*]
- Spekulante het dikwels geld geleen om aandele te koop/ koop aandele op die mark
- Teen 1928 het die aandeelpryse verb o hul werklike waarde gestyg (2 x 1) (2)

2.1.4 [*Bepaal die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2A – V3*]
Die bron is NUTTIG omdat:
- Dit gee insig/inligting oor die ongereguleerde New Yorkse-aandelebeurs
- Dit is 'n eerstehandse-verslag oor hoe mense en maatskappye op die aandelebeurs sake gedoen het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2B – V1*]
- Kapitalisme was as 'n ondernemende ekonomiese stelsel beskou
- As mededingend van aard beskou (2 x 1) (2)

2.2.2 [*Definisie van 'n historiese begrip uit Bron 2B – V2*]
- 'n Ekonomiese stelsel wat 'n vryemark en winsgewendheid aanmoedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2B – V1*]
- Dit is die basiese produksiefasiliteite soos grond- en kapitaalbesit
- Dit is 'n interaksie van Amerikaanse kopers en verkopers in die mark
- Dit is 'n vryemarkekonomie met minimale staatsbeheer oor ondernemings (3 x 1) (3)

2.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2*]
- Dit impliseer dat die staat nie private bedrywe moet reguleer nie
- Ongewilligheid van die Amerikaanse regering om tot die vryemark toe te tree
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 2C – 12*]
- Mense was te arm om goedere te kon bekostig
- Produktiwiteit het verhoog met 43 persent
- Industriële winste verhoog met 72 persent
- Lone verhoog slegs met 8 persent (4 x 1) (4)

2.3.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2C – V1*]
- Werkers se lone het slegs met 8% gestyg, wat nie genoegsaam was om goedere en dienster op die mark te kon bekostig nie (1 x 2) (2)

2.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2*]
- As Amerikaanse nyweraars het hulle natuurlike hulpbronne soos olie beheer
- Hulle het sekere nywerhede gemonopoliseer en lae lone betaal
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2*]
- Om die Amerikaanse publiek oor die reaksie van beleggers in te lig
- Om die Amerikaanse publiek oor die omvang van hul verlies in te lig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2*]
- Biljoene rande is verloor as gevolg van mense wat aandele laer as hul waarde verkoop het
- Aandeelhouers het paniekerig geraak op 29 Oktober 1929 en hul aandele verkoop in die hoop om hul beleggings te herstel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bron 2A en 2C – V3*]
- Beide Bron 2A en Bron 2C beskryf die oorsake van die Groot Depressie
- Bron 2A beskryf hoe aandeelpryse deur maatskappye en mense gemanipuleer is om wins op die aandelebeurs te maak
- Bron 2C beskryf hoe ondernemings deur monopolie wins gemaak het (2 x 2) (4)

2.6 [*Interpretasie, analise en evaluasie van inligting uit Bronne om 'n samehangende paragraaf te skryf – V3*]

Kandidate kan die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:

- Mense het hul beleggings op die Aandelebeurs verloor (eie kennis)
- Die VSA-regering het individue toegelaat om die ekonomie te monopoliseer (Bron 2C)
- Lone van die werkers het slegs met 'n klein persentasie gestyg en hulle het geen koopkrag gehad nie (Bron 2A)
- Die VSA-regering het toegelaat dat spekulante die Aandelebeurs beheer

- Die VSA Aandelebeurs was nie gereguleer nie (Bron 2B)
- Die VSA-regering het die publiek toegelaat om aandele met geleende geld te koop (Bron 2A)
- Het toegelaat dat magtige individue die ekonomie beheer (Bron 2B)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van wat die gevolge van die 1929 Groot Depressie op die VSA was nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip van wat die gevolge van die 1929 Groot Depressie op die VSA was.** • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige wyse om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van wat die gevolge van die 1929 Groot Depressie op die VSA was.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 3: HOE HET HITLER SE RASSE-IDEOLOGIE VAN EUGENETIKA TOT DIE (HOLOCAUST) MASSAMOORD VAN DIE JODE IN DIE 1930s GELEI?

3.1

3.1.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3A – V1*]
- Om rasse superioriteit te regverdig
- Om diskriminerende praktyke in hul lande te regverdig (2 x 1) (2)

3.1.2 [*Definisie van historiese begrippe uit Bron 3A – V1*]
a) Rassisme wat wetenskaplike eksperimente gebruik het om 'n hiërargie (rangorde) van ras te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

b) 'n Stel oortuigings en praktyke wat daarop gemik was om die genetiese menslike bevolking deur uitsluiting te verbeter
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3A – V1*]
- Hitler het geglo dat die Duitse volk die hoogste skepping van ras, met natuurlike goeie gesondheid, superioriteit en intelligensie was
- Hy het geglo dat Duitsers 'n superieure ras was, naamlik Ariër ('n meesterras) (2 x 2) (4)

3.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2*]
- Hitler het gewaarsku dat die ras bedreig sou word deur huwelike tussen suiwer Ariëse Duitsers en lede van minderwaardige rasse soos Jode, Slawiërs, Amerikane en Roma
- Huwelike wat geneties swakker was, sou lei tot die swakheid van die Duitse superieur ras
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.5 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3A – V1*]
- Om reproduksie, van die beste eienskappe moontlik, te bevorder (1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2*]
- Om uit te beeld hoe Joodse gevangenes aan wanvoeding lei
- Dit wys hoe die Jode deur die owerhede behandel is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2*]
- Joodse gevangenes het in konsentrasiekampe honger gely
- Die Duitsers het die Jode se basiese menseregte verontagsaam
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3C – V1*]
- Hitler se hoofdoel was die massamoord van Jode, deur uitwissing (1 x 2) (2)

3.3.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3C – V1*]
- Vergas
- Gaswaens (2 x 1) (2)

3.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2*]
- Konsentrasiekampe is in uitwissingskampe omgeskakel, wat miljoene Jode, Slawiërs, Pools en diegene wat teen Nazisme gekant was, dood te maak
- Hulle was slagoffers van 'n selfsugtige, wrede daad
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4

3.4.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3D – V1*]
- Vir al die Duitse teëspoed (1 x 2) (2)

3.4.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3D – V1*]
- Jode was van Duitse burgerskap ontneem
- Jode kon nie in enige regeringskantoor werksaam wees nie
- Jode kon nie in die weermag dien nie
- Jode kon nie medies of enige ander beroep beoefen nie

(2 x 1) (2)

3.4.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2*]
- Dit weerspieël hoe die Jode in Nazi-Duitsland tot tweedehandse burgers verlaag is
- Dit weerspieël hoe hierdie wette tot die massamoord van die Jode gelei het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bron 3C en 3D – V3*]
- Bron 3C bevat inligting oor hoe die Nuremburg-wette die Jode van Duitse burgerskap ens. ontneem het. Bron 3D verduidelik hoe uitwissingskampe gebruik is om Jode te vermoor
- Bron 3C bevat inligting van hoe die Jode van hul lewensbestaan/menswaardigheid ontneem is. Bron 3D noem hoe vroue en kinders in gaskamers vermoor is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 [*Interpretasie, analise en evaluasie van inligting uit al die Bronne om 'n samehangende paragraaf te skryf – V3*]

Kandidate kan die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:

- Hitler se rasse-ideologie het die Aries nasie in Duitsland bevorder (Bron 3A)
- Die Nazi-regering het rassehaat bevorder wat tot die Holocaust (massamoord) gelei het (Bron 3A)
- Jode is polities, deur die Nuremburg-wette, as burgers uitgesluit (Bron 3D)
- Gevangenes is in die konsentrasiekampe uitgehonger (Bron 3B)
- Die Nazi-regering het die "SS Death Head Division" aangestel (Bron 3D)
- Jode is deur genadedood vermoor (Bron 3A)

- Uitwissingskampe is gebruik om te moor en rassebeleide af te dwing (Bron 3C)
- Jode is tot ‘n minderwaardige volk verlaag (eie kennis)
- Vroue en kinders is met behulp van gaskamers vermoor (Bron 3C)
- Rasseprofilering is ontwerp om nie-Duitsers uit te sluit (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van hoe Hitler se rasse-ideologie van eugenetika tot die (Holocaust) massamoord van die Jode in die 1930s gelei het nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ‘n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ‘n groot mate verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip van hoe Hitler se rasse-ideologie van eugenetika tot die (Holocaust) massamoord van die Jode in die 1930s gelei het.** • Gebruik bewyse op ‘n baie eenvoudige wyse om ‘n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe Hitler se rasse-ideologie van eugenetika tot die (Holocaust) massamoord van die Jode in die 1930s gelei het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ‘n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort omtrent DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 - 1940

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument, wat op relevante bewyse gebaseer is, deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak]

SINOPSIS
Kandidate moet kan aandui en ‘n gedagterigting verduidelik tot watter mate Stalin se Gosplan tussen 1928 en 1941 'n landbou en industriële transformasie van die Sowjet-unie geskep het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende by hul reaksie insluit:
Inleiding: Kandidate moet ‘n standpunt inneem. Hulle moet verduidelik tot watter mate Stalin se Gosplan suksesvol was om 'n landbou en industriële transformasie van die Sowjet-Unie te skep.

UITBREIDING
- Sentralisering van die Russiese ekonomie deur middel van ‘n 5 jaar plan
- Stigting van Staatskommissie (Gosplan)
- Die doelstellings van die eerste vyfjaarplan (agtergrond)
- Stalin se eerste vyfjaarplan (landbouontwikkeling)
- Weerstand teen opeising deur welgestelde boere
- Kolkhoz – kollektiewe plase en Sovkhoz
- Produksiedoelwitte vir elke 5 jaar plan
- Eerste 5 jaar plan (1928-1933): Fokus op hoeveelheid en swaarnywerhede - veral die steenkool, yster en staal nywerhede; nuwe fabrieke is gebou; produksie het toegeneem en motorbedrywe is gestig
- Swaar nywerhede is ingestel en fabrieke het toegeneem
- Ontwikkeling van nywerheidsdorpe
- Tweede 5 jaar plan (1933-1937): Fokus op die produksie van huishoudelike en verbruikersgoedere; Doelwit verander na vervaardiging van wapens en wapentuie (WW2); Aandag is aan vervoer en spoorwegstelsel gegee vir vinniger beweging van troepe.
- Tweede 5 jaar plan fokus op kwaliteit
- Onderwys is verbeter en buitelandse ambagsmanne was toegelaat
- Propaganda en doelwitte is gebruik om produksie te verbeter
- Derde 5 jaar plan is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek
- Beide landbou en nywerhede het verbeter
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul gedagterigting met ‘n relevante gevolgtrekking saamvat.

[50]

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA – ROOSEVELT SE NUWE ORDE

[*Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument op relevante bewyse gebaseer deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik*]

SINOPSIS
Kandidate moet 'n argument aandui om te verduidelik tot watter mate President FD Roosevelt se Nuwe Orde-beleid deur hervormings suksesvol was om die Groot Depressie in die tydperk tussen 1933 en 1936 te beëindig. Hulle moet die Nuwe Orde bespreek en sy suksesse en mislukkings evalueer.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigting uiteensit. Hulle moet 'n kort analise gee van die resultate van die Groot Depressie. Hulle moet Roosevelt se belofte van die Nuwe Orde stel: - verligting, hervorming en herstel (*the three R's*). Hulle moet verduidelik hoe hulle die vraag gaan benader.

UITBREIDING

- 'n Kort bespreking oor die gevolge van die Groot Depressie
- Verligting (relief): vir die behoeftiges en werkloses
- Hervorming (reform): Maatreëls, wetgewing om die ekonomie te beheer
- Herstel (recovery): Verbetering en herstel van die ekonomie
- Honderd Dae: Die Brein Trust en Roosevelt wat nuwe maatreëls gestel het om die VSA uit die Groot Depressie te lig
- The Emergency Banking Act (EBA): Herstel van finansiële instellings (banke)
- Die Federale Noodverligtingadministrasie: [The Federal Emergency Relief Administration (FERA)]: Verligting maatstaf vir die behoeftiges en werkloses
- Die Burgerlike Bewaringskorps: [The Civil Conservation Corps (CCC)]: Verligting maatreëls om werk aan jong mans te verskaf
- Die Landbou-aanpassingsadministrasie: [The Agricultural Adjustment Administration (AAA)]: Herstel van boerdery en ondersteuning aan boere
- NIRS-Openbare Werke Administrasie: [Public Works Administration (PWA)]: Herstel van infrastruktuur en verligting aan die werkloses
- Tennessee Valley Authority (TVA): Infrastruktuurontwikkeling – bou van damme
- Wagnerwet: [Wagner Act (WA)]: Maatstaaf om die werksomstandighede en die vakbondwese te verbeter
- Wet op Maatskaplike Sekuriteit: [Social Security Act (SSA)]: Verligting vir die welsyn van die burgers en beskerming van werkers
- Opposisie en kritiek van die Nuwe Orde; soos klagtes oor staatsbeheer van die ekonomie
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate som hul argument op deur kortliks aan te dui of die Roosevelt-ooreenkoms 'n sukses of mislukking was om die Groot Depressie te beëindig. Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit.

[50]

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE 19de EN 20ste EEU: GEVALLESTUDIE: NAZI DUITSLAND

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument, wat op relevante bewyse gebaseer is, deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak]

SINOPSIS
Kandidate moet bespreek hoe Nazi-Duitsland, onder Adolf Hitler, tussen 1933 en 1942 die Pseudo-wetenskaplike beleid teenoor Duitsers en nie-Duitsers geïmplementeer het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet 'n stewige standpunt inneem deur goedkeuring of afkeuring met betrekking tot die vraag uit te druk en die volgende in te sluit:

UITBREIDING
- Formulering van Ariese rassebeleid in Duitsland, deur Eugenika
- Bevordering van anti-Semitisme teen die Jode
- Mikenning van die Jode se regte
- Bekragtiging van Neurenberg-wette
- Suiwering van Duitsland
- Genadedood toegepas deur die T4-aksieprogram
- Groepe is geteiken
- Anti-sosiale elemente, bv. Mense met antisosiale gedrag
- Jehovah getuienis
- Van vervolging tot massamoord
- Volksmoord in konsentrasiekampe
- Skepping van arbeidskampe en uitwissing
- Skepping van uitwissingskampe
- Massa deportering van Jode na strafkampe
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul gedagterigting met ‘n relevante gevolgtrekking saamvat.

[50]

TOTAAL: 150

GESKIEDENIS

NKV: GRAAD 11 VRAESTEL ONTLEDINGSTABEL																				
	VAARDIGHEDE										KOGNITIEWE VLAKKE				UITDAGINGS					
VRAAG NOMMER	UITTREK VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	DEFINISIE VAN HISTORIESE KONSEPTE	VERDUIDELIKING VAN INLIGING WAT UIT BRONNE VERKRY IS	INTERPRETASIE VAN BEWYSE UIT BRONNE	ANALISEER BEWYSE VANUIT BRONNE	INTERPRETASIE VAN INLIGTING UIT BRONNE	EVALUEER DIE BRUIKBAARHED; VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN KONTRASTEER VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER GETUIENIS OM ARGUMENT TE ONDERSTEUN	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE%
	REGMERKE DUI TOESPASSING VAN VAARDIGHEDE AAN										PUNTE							VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
1.1.1	✓										1				✓					
1.1.2	✓										2				✓					
1.1.3			✓								2				✓					
1.1.4					✓							4				✓				
1.1.5							✓					4				✓				
											5	**8**	**0**					**0**	**0**	**0**
1.2.1	✓										2				✓					
1.2.2			✓									2				✓				
1.2.3	✓										2			**0**	✓					
1.2.4					✓							2				✓				
											4	**4**	**0**					**0**	**0**	**0**

GESKIEDENIS

NKV: GRAAD 11 VRAESTEL ONTLEDINGSTABEL																				
	VAARDIGHEDE										KOGNITIEWE VLAKKE				UITDAGINGS					
VRAAGNOMMER	UITTREK VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	DEFINISIE VAN HISTORIESE KONSEPTE	VERDUIDELIKING VAN INLIGING WAT UIT BRONNE VERKRY IS	INTERPRETASIE VAN BEWYSE UIT BRONNE	ANALISEER BEWYSE VANUIT BRONNE	INTERPRETASIE VAN INLIGTING UIT BRONNE	EVALUEER DIE BRUIKBAARHED; VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN KONTRASTEER VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER GETUIENIS OM ARGUMENT TE ONDERSTEUN	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE%
	REGMERKE DUI TOESPASSING VAN VAARDIGHEDE AAN										PUNTE							VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
1.3.1	✓										2				✓					
1.3.2					✓							4				✓				
1.3.3					✓							2				✓				
											2	**6**	**0**	**0**				**0**	**0**	**0**
1.4.1					✓							4				✓				
1.4.2								✓					4				✓			
1.4.3					✓							1				✓				
1.5									✓				4				✓			
1.6										✓			8				✓			
											0	**5**	**16**					**0**	**0**	**0**
VRAAG 1 TOTAAL											**11**	**23**	**16**	**(50)**				**22%**	**46%**	**32%**

GESKIEDENIS

NKV: GRAAD 11 VRAESTEL ONTLEDINGSTABEL																				
	VAARDIGHEDE										KOGNITIEWE VLAKKE				UITDAGINGS					
VRAAGNOMMER	UITTREK VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	DEFINISIE VAN HISTORIESE KONSEPTE	VERDUIDELIKING VAN INLIGING WAT UIT BRONNE VERKRY IS	INTERPRETASIE VAN BEWYSE UIT BRONNE	ANALISEER BEWYSE VANUIT BRONNE	INTERPRETASIE VAN INLIGTING UIT BRONNE	EVALUEER DIE BRUIKBAARHED; VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN KONTRASTEER VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER GETUIENIS OM ARGUMENT TE ONDERSTEUN	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE%
	REGMERKE DUI TOESPASSING VAN VAARDIGHEDE AAN										PUNTE							V 1	V 2	V 3
2.1.1	✓										1				✓					
2.1.2	✓										4				✓					
2.1.3	✓										2				✓					
2.1.4								✓					4				✓			
											7	**0**	**4**					**0**	**0**	**0**
2.2.1	✓										2				✓					
2.2.2			✓								2				✓					
2.2.3	✓										3			**0**	✓					
2.2.4					✓							4				✓				
											7	**4**	**0**					**0**	**0**	**0**

GESKIEDENIS

NKV: GRAAD 11 VRAESTEL ONTLEDINGSTABEL																				
	VAARDIGHEDE										KOGNITIEWE VLAKKE				UITDAGINGS					
VRAAGNOMMER	UITTREK VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	DEFINISIE VAN HISTORIESE KONSEPTE	VERDUIDELIKING VAN INLIGING WAT UIT BRONNE VERKRY IS	INTERPRETASIE VAN BEWYSE UIT BRONNE	ANALISEER BEWYSE VANUIT BRONNE	INTERPRETASIE VAN INLIGTING UIT BRONNE	EVALUEER DIE BRUIKBAARHED; VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN KONTRASTEER VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER GETUIENIS OM ARGUMENT TE ONDERSTEUN	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE%
	REGMERKE DUI TOESPASSING VAN VAARDIGHEDE AAN										PUNTE							V 1	V 2	V 3
2.3.1	✓											4				✓				
2.3.2	✓										2				✓					
2.3.3					✓							4				✓				
											2	**6**	**0**					**0**	**0**	**0**
2.4.1					✓							4				✓				
2.4.2					✓							2				✓				
2.5									✓				4	**0**			✓			
2.6										✓			8				✓			
											0	**6**	**12**					**0**	**0**	**0**
										VRAAG 2 TOTAAL	**16**	**18**	**16**					**32%**	**36%**	**32%**

GESKIEDENIS

NKV: GRAAD 11 VRAESTEL ONTLEDINGSTABEL																				
	VAARDIGHEDE										KOGNITIEWE VLAKKE				UITDAGINGS					
VRAAG NOMMER	UITTREK VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	DEFINISIE VAN HISTORIESE KONSEPTE	VERDUIDELIKING VAN INLIGING WAT UIT BRONNE VERKRY IS	INTERPRETASIE VAN BEWYSE UIT BRONNE	ANALISEER BEWYSE VANUIT BRONNE	INTERPRETASIE VAN INLIGTING UIT RONNE	EVALUEER DIE BRUIKBAARHED; VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN KONTRASTEER VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER GETUIENIS OM ARGUMENT TE ONDERSTEUN	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE%
	REGMERKE DUI TOESPASSING VAN VAARDIGHEDE AAN										PUNTE							VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
3.1.1	✓										2				✓					
3.1.2			✓								4				✓					
3.1.3	✓										4				✓					
3.1.4					✓							4				✓				
3.1.5	✓										2				✓					
											12	**4**	**0**					**0**	**0**	**0**
3.2.1					✓							4								
3.2.2					✓							4		**0**						
											0	**8**	**0**					**0**	**0**	**0**

GESKIEDENIS

NKV: GRAAD 11 VRAESTEL ONTLEDINGSTABEL																				
	VAARDIGHEDE										**KOGNITIEWE VLAKKE**				**UITDAGINGS**					
VRAAGNOMMER	**UITTREK VAN BEWYSE UIT BRONNE**	**SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING**	**DEFINISIE VAN HISTORIESE KONSEPTE**	**VERDUIDELIKING VAN INLIGING WAT UIT BRONNE VERKRY IS**	**INTERPRETASIE VAN BEWYSE UIT BRONNE**	**ANALISEER BEWYSE VANUIT BRONNE**	**INTERPRETASIE VAN INLIGTING UIT BRONNE**	**EVALUEER DIE BRUIKBAARHED; VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID**	**VERGELYK EN KONTRASTEER VERSKILLENDE INTERPRETASIES**	**ORGANISEER GETUIENIS OM ARGUMENT TE ONDERSTEUN**	**VLAK 1**	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**TOTAAL**	**MAKLIK**	**MEDIUM**	**MOEILIK**	**PERSENTASIE %**	**PERSENTASIE %**	**PERSENTASIE%**
	REGMERKE DUI TOESPASSING VAN VAARDIGHEDE AAN										**PUNTE**							**VLAK 1**	**VLAK 2**	**VLAK 3**
3.3.1	✓										2			**0**	✓					
3.3.2	✓										2				✓					
3.3.3					✓							2				✓				
											4	**2**	**0**					**0**	**0**	**0**
3.4.1	✓										2				✓					
3.4.2	✓										2				✓					
3.4.3					✓								4				✓			
3.5									✓				4				✓			
3.6										✓			8				✓			
											4	**0**	**16**					**0**	**0**	**0**
VRAAG 3 TOTAAL											**20**	**14**	**16**					**40%**	**28%**	**32%**

Kopiereg voorbehou